**DONDERDAG 30 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 16:11-15, 40**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 16:14**

**Lidia – Die evangelie is meer waardevol as purper**

Filippi was ’n aftreeplek vir Romeinse soldate. Daar was min Jode, en daarom nie ’n sinagoge nie. Daar was wel ’n plek buite die stad langs ’n rivier waar die paar Jode aanbid het. Een van die aanbidders was Lidia. Sy moes ’n baie welgestelde vrou gewees het, want sy was ’n purperhandelaar. Purper was geweldig skaars. Na berekening kon een kilogram purper materiaal in Randwaarde jou maklik R50 000 uit die sak jaag!

Laodisea, waar sy vandaan gekom het, was bekend vir sy tekstielbedryf. Die bedryf was egter ook bekend vir sy afgode. Om sukses te behaal in jou beroep, was jy verplig om aan die beroep se gilde te behoort en die god van jou beroep getrou te dien. Lidia het dus materieel waarskynlik alles gehad wat mens kan nodig hê, en is geleer om haar sukses aan ’n afgod toe te skryf.

Die Here was egter met haar besig. Hy het ’n geestelike honger in haar wakker gemaak. Alhoewel sy klaarblyklik nie van Joodse afkoms was nie, het die Here haar gelei om by die Jode aansluiting te vind, en daar by die Joodse plek van aanbidding ontvang sy die evangelie van Jesus Christus. God maak haar hart ontvanklik en bring haar tot bekering, en met vreugde word sy en haar gesin gedoop.

Onmiddellik volg haar dankbaarheidslewe. Dadelik word haar welvaart in diens van die koninkryk gestel. Haar huis word vir Paulus en sy reisgeselskap oopgestel en word die sentrum vir die nuwe, groeiende gemeente. Die bedreiging van vervolging sou niks hieraan verander nie. Daarom kon Paulus en Silas ná hulle gevangenskap daarheen gaan om die gemeente te versterk.

Lidia het ontdek dat die evangelie meer waardevol is as purper, en om die evangelie gratis uit te deel, is meer verrykend as handel dryf!

Wat is vir jou kosbaar?

*Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)*